Grondwet vir die Genadendal Transformasie Komitee

1. Inleiding

Die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, Wet 94 van 1998 ("die Wet"), sit 'n proses uiteen vir die oordrag van sekere grond soos in die Wet omskryf. Die Wet voorsien verder dat 'n verkose komitee moet voorstel aan welke entiteit die grond oorgedra moet word. Die voorwaardes waaraan sodanige entiteit moet voldoen, word in die Wet uiteengesit.

Die Wet voorsien dat 'n komitee verkies word deur inwoners (wat in die Wet omskryf word) wat die ouderdom van 18 jaar of ouer bereik het . Dit is hierdie verkose komitee wat 'n skriftelike verslag aan die Minister moet voorlê waarin aanbeveel word aan welke entiteit of entiteite die grond oorgedra moet word.

'n Kennisgewing moet in terme van Artikel 3(4)(a) van die Wet die Minister voorgelê word waarin uiteengesit word hoe en wanneer hy kan bepaal aan welke entiteit die grond oorgedra moet word.

Die transformasie komitee moet dus gestig word om die proses wat uitloop op die aanbeveling van 'n entiteit, te bestuur.

2. Stigting

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet, insluitend .

- Agtergrond tot die stigting van die transformasie komitee.
- Samestelling van die transformasie komitee.
- Beskrywing van die proses wat gevolg was om die transformasie komitee aan te stel en
- 'n Plan oor die implimentering van die transformasie proses

word 'n verkose komitee kragtens hierdie grondwet gestig om die deelname van die gemeenskap tydens die implimentering van die transformasie proses te verseker en te bestuur ter afhandeling van die proses ooreenkomstig die bepalings van die Wet .

3. Naam van die komitee

Die Genadendal Transformasie Komitee

4. Samestelling van die Genadendal Transformasie Komitee

4.1 Die komitee bestaan uit die 27 verteenwoordigers. Die verteenwoor-digers verteenwoordig nie net die onderskeie instellings nie, maar ook die gemeenskap in die algemeen, aangesien hulle verteenwoordiging bekragtig is tydens 'n gemeenskaps vergadering op 26 Oktober 2004. Die gemeenskap het verder drie addisionele verteenwoordigers gekies.

Instelling	Aantal verteenwoordigers
• Verteenwoordigers van die Theewaterskloof Munisipaliteit;	2
• SWEDATRA Vrouegroep;	1
• Genadendal Onwikkelings Trust (GENOT);	1
• Genadendal Boerevereniging;	1
• Beskermingsdienste;	1
• Genadendal Gesondheid en Welsynkomitee	1
• Genadendal Jeugfo'um;	1

Instelling	Aantal verteenwoordigers
◦ Skole;	1
◦ Kerke;	2
◦ Belastingbetalers Vereniging;	1
◦ Toerisme;	1
◦ Sport;	1
◦ Genandendal Sport (GESOT);	1
◦ Bereaville;	3
◦ Voorstekraal;	3
◦ Bosmanskloof	3
◦ Addisionele lede (insluitend Omgewingsforum)	3

Elke instansie wat toegelaat is om 'n verteenwoordiger aan te wys, moet ook 'n amptelike plaasvervanger aanwys. Die komiteelid sal verantwoordelik wees om die plaasvervanger op hoogte te hou van die sake van die komitee en sal toesien dat die plaasvervanger vergaderings bywoon wanneer die komiteelid nie self die vergadering kan bywoon nie.

4.2 Alle staatsdepartemente en diensorganisasies wat in Genadendal diens lewer, met die goedkeuring van die komitee, sal *ex-officio* status op die komitee geniet.

4.3 Die werksaamhede van die Genadendal Transformasie Komitee word behartig deur 'n bestuur wat deur die komitee verkies word by die eerste vergadering en sal bestaan uit :

- 'n Voorsitter;
- 'n Onder-Voorsitter en;
- 'n Sekretaris.

Indien dit gedurende die loop van die komitee nodig word om lede van die bestuur te vervang, sal die komitee tydens 'n sitting nuwe lede kan aanwys.

4.4 In die geval van 'n staking van stemme sal die voorsitter nie 'n tweede en beslissende stem hê nie. Daar sal gepoog word om konsensus te bereik, by gebreke waaraan die aangeleentheid teruggeneem sal word vir verdere bespreking deur die breëre gemeenskap.

4.5 Die Transformasie Komitee sal die prosedure bepaal van die vergaderings, notules neem en kennisgewings uitstuur.

5. Termyn

Die termyn van die komitee is vir 18 maande Oorgangstydperk of vir 'n verlengde periode van 6 maande as die Minister so besluit in terme van Artikel 9(2) van die Wet.

Alle komiteelede word vir die vol'e termyn aangestel mits hulle van die komitee geskors word in terme van die goedgekeurde gedragskode.

6. Hoof doelstellings van die Transformasie Komitee

6.1 Om die Theewaterskloof Munisipaliteit by te staan met die verdere finalisering van die Implementeringsplan (Artikel 3(4)(a) kennisgewing).

6.2 Om gemeenskaps besluitneming oor hoe die grond in die toekoms gehou en bestuur gaan word, te fasiliteer.

6.3 Om ten alle tye met die gemeenskap te konsulteer en hulle op hoogte te hou van verwikkelinge in die proses.

6.4 Om verslag te doen aan die Minister oor die aanbeveling van die gemeenskap oor die entiteit(e) aan wie die grond oorgedra moet word.

7. Verpligtinge en bevoegdhede

Die Transformasie Komitee moet -

7.1 Alle inwoners 'n billike kans gee om deel te neem aan die besluitnemingsproses rakende die oordrag en administrasie van die grond.

7.2 Nie teen enige inwoner diskrimineer nie.

7.3 Alle notules en inligtingstukke rondom die transformasie proses beskikbaar stel vir die Theewaterskloof Munisipaliteit.

7.4 Sub-komitees stig waar nodig, en welke sub-komitees die goedkeuring van die komiteelede van spesiale belangegroep verteenwoordigers mag koopteer.

8. Kworum

'n Kworum sal bestaan uit 50 % plus een van alle lidorganisasies.

Die lidorganisasise bestaan uit:

8.1 SWEDATRA Vrouegroep;
8.2 Genadendal Onwikkelings Trust (GENOT);
8.3 Genadendal Boerevereniging;
8.4 Beskermingsdienste;
8.5 Genadendal Gesondheid en Welsynkomitee;
8.6 Genadendal Jeugforum;
8.7 Skole;
8.8 Kerke;
8.9 Belastingbetalers Vereniging;
8.10 Toerisme;
8.11 Sport;
8.12 Genandendal Sport (GESOT);
8.13 Omgewingsforum

9. Vakature

9.1 Enige vakature op die Transformasie Komitee kan aangevul word deur 'n nominasie vanuit die instansie wie se verteenwoordiger die komitee verlaat het

9.2 'n Komiteelid wat vir drie agtereenvolgende vergaderings wegbly sonder 'n verskoning wat vir die komitee aanneemlik is, sal by wyse van 'n komiteebesluit geskors word van verdere deelname.

10. Gedragskode

'n Gedragskode mag aanvaar word deur die Transformasie Komitee en sal streng gevolg word.

11. Inwerkingtreding

Hierdie grondwet tree in werking sodra die Minister die kennisgewing, in terme van Artikel 3(4)(a) van die Wet, in die Staatskoerant gepubliseer het

12. Ontbinding

Die komitee sal ontbind na die oordrag van die grond na die verkose entiteit(e).

13. Wysigings

Die grondwet mag slegs gewysig word indien die meerderheid van lede daartoe instem met dien verstande dat die wysiging nie in stryd mag wees met die bepalings van Wet 94 van 1998 nie en die doel van die Oorgangstyd sal affekteer nie

14. Toelating van nuwe verteenwoordigers

Waar nuwe relevante organisasies gestig word na die aanwysing van die organisasies wat deel vorm van die Komitee moet stappe geneem word om hulle te akkomodeer op die sub-komitees.